# GR 12 GEDIG 10
## By die robot in Eerstelaan – Marita van Aswegen
## VRAE

1. Die titel kan twee verskillende betekenisse hê. Verduidelik dit.
   ____________________________________________________________________________
   ____________________________________________________________________________
2. Wanneer kom die leser vir die eerste keer agter dat die bedelaar blind is? Skryf die VERSREëL neer.
   ____________________________________________________________
3. Skryf DRIE OPEENVOLGENDE WOORDE uit strofe 1 neer wat vir die leser sê dat hier meer as een man in die prentjie is. _____________________________________
4. Skryf die EEN WOORD in strofe 2 neer wat sê iemand is besig om te bedel. __________________
5. Kies 'n woord uit die blok om die volgende sinne te voltooi.

| drank | bende | blikkie | geld | bedel | blinde | bang |
|---|---|---|---|---|---|---|

Die tsotsi is 'n lid van 'n (5.1) ___________ wat die (5.2) ____________ man hiernatoe gebring het sodat hy moet geld (5.3) ___________. Hulle weet die mense sal hom jammer kry en dan vir hom geld gee. Hy het nie 'n keuse nie en moet heeldag staan en bedel. Hy is baie (5.4) __________ vir die tsotsi, want sonder hom sal hy nooit weer by sy huis uitkom nie. Wanneer die motoris vir hom (5.5) _____________ in sy (5.6) ____________ gooi, vat die man dit en koop vir homself (5.7) ________

6. Is dit WAAR of ONWAAR dat die vrou vir die man ekstra geld gegee het toe sy sien hy is blind? Skryf EEN WOORD uit strofe 8 neer om jou antwoord te staaf. ____________________________
7. Onderstreep die korrekte antwoord.
   Die woord "klingel" in strofe 7 sê vir die leser dat die geld in die blikkie (val/stil ê) en dit is 'n voorbeeld van (inversie/klanknabootsing). _____________ ________________
8. Onderstreep die regte antwoord.
   "sy hart klop vinnig soos dié van 'n kind" is 'n voorbeeld van 'n (vergelyking/ metafoor/ personifikasie).
9. Onderstreep die regte antwoord.
   "as die dood hom tog net wil kom haal" is 'n voorbeeld van 'n (vergelyking/ metafoor/ personifikasie).
10. Waarvoor, dink jy, sal die tsotsi die geld gebruik wat die mense vir die blinde man gee?
    _________________________________________________________________________
11. Aan watter reptiel herinner die optrede van die tsotsi jou in versreëls 12 en 24? ______________
12. Skryf 'n VERSREëL neer waaruit jy die volgende afleidings kan maak:
    12.1 Die tsotsi ken geen genade nie en gun die blinde geen rus nie (strofe 1)
    ____________________________________________________________
    12.2 Die blinde moet heeldag bedel. (strofe 2)
    ____________________________________________________________
    12.3 Die tsotsi werk rof met die blinde (strofe 3)
    ____________________________________________________________

12.4 Die blinde het waarskynlik nie ’n huis nie (strofe 4)

____________________________________________________________

13. Dink jy hierdie gedig is universeel of is dit iets wat net in ons land gebeur? Motiveer jou antwoord.

____________________________________________________________

14. Gee jy of jou ouers ooit geld vir bedelaars? Gee ’n rede vir jou antwoord.

____________________________________________________________